**LAERSKOOL KENRIDGE**
**EN**
**TRUST**

# <u>ONDERNEMING</u> (Finansieel)

Ek/Ons, die ondergetekende/s,

(Ouer 1)____________________________________ID____________________________

(Ouer 2)____________________________________ID____________________________

woonagtig te ________________________________________________________
(domicillium citandi et executandi)

in my/ons hoedanigheid as die wettige voog/de van ______________________________
(hierna genoem "die LEERDER")

onderneem hiermee ten gunste van die Laerskool Kenridge (die Skool) soos volg:

1. **<u>SKOOLFOOIE</u> (Laerskool Kenridge)**

1.1 Ek/Ons onderneem om die verpligte skoolfooie, soos vasgestel deur die Beheerliggaam van die Skool, (die Beheerliggaam) in 10 (tien) gelyke maandelikse paaiemente, by wyse van 'n debietorder teen my/ons bankrekening, te betaal.

1.2 Ek/Ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgelde te betaal en ek/ons begryp dat:

1.2.1 Die jaarlikse skoolgeld 'n verpligte bedrag sal wees, soos deur die meerderheid van die ouers, by die Skool Begrotingsvergadering goedgekeur is.

1.2.2 Skoolgeld is vooruit betaalbaar en wel op die eerste skooldag van die jaar. Fooie wat vooruit betaal is, sal deur die skool gedeponeer word, sodat die opgeloopte rente, volgens die Suid Afrikaanse Skolewet, as inkomste vir die skool gaan.

1.2.3 Ons terme is die volgende:

(a) Die volle bedrag kan betaal word, in een bedrag aan die begin van die skooljaar, of

(b) Die skoolgeld mag in tien maandelikse paaiemente betaal word.

1.2.4 Indien die skoolfooie ten volle (op of voor 'n datum wat op die begrotingsvergadering bepaal word) betaal word, sal 'n korting van die jaarlikse fooie afgetrek word.

1.2.5 'n Vooruitbetaalbare heffing van R1000,00 is betaalbaar <u>MET TOELATING</u>. (Hierdie bedrag VORM DEEL VAN U EERSTE MAAND SE SKOOLFOOI.)

1.2.6 Volgens die Suid Afrikaanse Skolewet, is ouers gesamentlik of afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld, ongeag hul huwelikstatus.

1.2.7 In die geval van wanbetaling van skoolgeld, sal beide ouers deur die skool gedagvaar word, ongeag onderhoudsreëlings en hofbeslissings tussen die partye.

1.2.8 Kragtens Artikel 39 van die Suid Afrikaanse Skolewet, is alle partye wat hulle tot hierdie dokument verbind, aanspreeklik om vepligte skoolgelde te betaal.

1.2.9 Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid Afrikaanse Skolewet, mag die skool betaling van hierdie verpligte skoolgeld afdwing.

1.2.10 Die partye verbind tot hierdie ooreenkoms onderneem om alle regskostes te betaal, insluitend prokureurs/kliënte fooie en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan word, indien die skool geregtelike stappe moet neem om skoolgelde te verhaal.

1.2.11 Indien ouers agterstallig is met een paaiement, moet die VOLLE bedrag onmiddellik betaal word.

1.2.12 Indien betaling nie voor die 7de van ‘n nuwe maand ontvang is nie, sal die skool hom die reg voorbehou om rente teen 2% p.m. op alle agterstallige rekeninge te hef.

1.2.13 Ouers wat nie instaat is om skoolgelde te betaal nie, mag om vrystelling aansoek doen.

1.2.14 Die skool mag enige persoonlike inligting van ouers se aanspreeklikheid ten opsigte van die betaling van skoolgelde, op die skoolrekenaarstelsel of ander stelsel bewaar.

1.2.15 Die skool mag navraag doen of inligting verkry oor ouers dmv ‘n Inligtingsburo of persone wat as agente optree.

1.2.16 Ons gee toestemming dat die skool ons persoonlike besonderhede alleenlik aan ander ouers, opvoeders or persone aan die skool verwant, mag deurgee, behalwe as ons skriftelik magtiging gee vir die teendeel.

1.2.17 Indien ouers versuim om die skoolfooie te betaal, mag die skool die ouers se wanbetaling aan ‘n kredietburo bekend maak.

1.2.18 Indien u en die skool se state nie ooreenstem nie, stel asseblief die skool se rekenmeester/es skriftelik in kennis.

1.2.19 Ooreenkomste is in beide, Afrikaans en Engels beskikbaar.

1.3 Die eerste paaiement (minus die vooruitbetaalbare heffing, indien van toepassing) is betaalbaar op die eerste dag van Februarie van die jaar waarin die LEERDER die skool bywoon en die skoolfooie betaalbaar is, en daarna op die eerste werksdag van elke daaropvolgende maand, met die laaste paaiement op die eerste dag van November van die betrokke jaar.

1.4 Die Beheerliggaam sal geregtig wees om die bedrae, sowel as die termyn van betaling te verander, op voorwaarde dat ek skriftelik daarvan in kennis gestel word.

2. **SPYSKAARTAKTIWITEITE (Trust)**

2.1 Ek/Ons onderneem om die fooie, soos van tyd tot tyd deur die TRUSTEES bepaal, aan die TRUST te betaal ten opsigte van spyskaartaktiwiteite waaraan die LEERDER deelneem.

2.2 Ek/Ons verklaar en erken hiermee dat ‘n rekeningstaat deur die TRUSTEES as bewys sal dien van die aktiwiteite waaraan die LEERDER gekies het om deel te neem gedurende ‘n spesifieke kwartaal/seisoen en van die bedrag deur my/ons verskuldig in terme van die spyskaart en kostevorm, onderhewig daaraan, dat ek/ons geregtig sal wees om binne 7 (sewe) dae na ontvangs van die rekeningstaat, skriftelik daarteen beswaar kan maak, welke beswaar per hand oorhandig sal word aan die verteenwoordiger van die TRUST wat in beheer is van daardie aktiwiteit.

2.3 Ek/Ons onderneem om die fooie by wyse van ‘n maandelikse debietorder teen my/ons bankrekening te betaal, op voorwaarde dat indien die LEERDER betrokke raak by ‘n aktiwiteit gedurende die loop van die skoolkwartaal/seisoen, betaling pro rata bereken sal word, vanaf die datum van betrokkenheid by die aktiwiteit, tot en met die einde van die betrokke skoolkwartaal/seisoen.

3. **ALGEMEEN**

3.1 Ingeval van ‘n verhoging van die fooie, waarna verwys word in paragrawe 1 en 2 onderskeidelik, magtig ek/ons hiermee die Skool om my/ons debietorder dienooreenkomstig aan te pas, op voorwaarde dat die Skool my/ons skriftelik in kennis stel van hul voorneme om so ‘n aanpassing te maak.

3.2 Indien ek/ons sou versuim om enige paaiement met betrekking tot die fooie waarna verwys word in paragrawe 1 en 2 hierbo tydig te betaal, dan:

3.2.1 sal die volle uitstaande bedrag met betrekking tot die aktiwiteite, waaraan die LEERDER deelneem, onmiddellik betaalbaar en opeisbaar wees; en

3.2.2 sal die LEERDER nie verder toegelaat word om deel te neem aan die aktiwiteite nie, tot tyd en wyl alle fooie waarna verwys word in paragrawe 1 en 2 hierbo, ten volle vereffen is; en

3.2.3 sal rente teen 2% (persent) per maand gehef word op my/ons rekening vir fooie wat agterstallig is; en

3.2.4 sal ‘n boete-fooi, soos van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal, vir enige onbetaalde paaiement teen my/ons rekening gehef word.

3.3 Ek/Ons stem verder toe, dat vir die doeleindes van enige regsaksie wat teen my/ons ingestel mag word, uit hoofde van my/ons verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms, ‘n sertifikaat uitgereik, deur ‘n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die Beheerliggaam, as genoegsame en voldoende bewys van die uitstaande bedrag sal dien, vir die doeleindes van summiere vonnis.

3.4 Vir die doeleindes van hierdie onderneming, enige kennisgewing of regsaksie teen my/ons ingestel en alle prosesstukke wat op my/ons beteken mag word, kies ek/ons hiermee my/ons adres soos uiteengesit in die aanhef van hierdie onderneming as my/ons *domicilium citandi et executandi*.

3.5 Ek/Ons aanvaar hiermee aanspreeklikheid vir betaling van die Skool se regskostes, insluitende invorderingskommissie, op ‘n skaal soos bereken op ‘n prokureur en eie kliënt skaal, indien die Skool enige regsaksie teen my/ons sou instel in terme van hierdie onderneming.

**GETEKEN TE _____________ op hierdie ______ dag van __________________ 2015**

_________________________________ ______________________________________

**OUER/VOOG (1) HANDTEKENING VOLLE NAAM**

_________________________________ ______________________________________

**OUER/VOOG (2) HANDTEKENING VOLLE NAAM**

**AS GETUIES:**

**1.** ___________________________ **2.** __________________________________